

## Hoofstuk V

### KAAPLAND

#### 1. Onderwysersopleiding gedurende die tydperk 1652-1806

##### a. Die Hollandse tydperk (1652-1795)

Uit ondersoek na die opleiding van onderwysers in Suid-Afrika blyk dit dat daar vanaf die stigting van die blanke nedersetting in 1652 tot aan die einde van die agtiende eeu, geen fasiliteite vir die opleiding van onderwysers was nie.<sup>1)</sup> Wel is daar betreklik gou 'n begin gemaak met formele onderwys. Die taak is verrig deur sieketroosters in die dorpe, terwyl die plattelandse gebiede met allerlei swerweling-tipes soos weglopersoldate en -matrose tevrede moes wees.<sup>2)</sup>

Hierdie toestand, nl. dat die onderwys in die hande was van onopgeleide en baie dikwels ongeskikte persone, het ~~vir~~ die grootste gedeelte van die sewentiende en agtiende eeu onveranderd bly voortbestaan.

Die bevolking en die owerheid het egter die noodsaaklikheid van georganiseerde onderwys deur bevoegde persone begin insien. Goewerneur De Chavannes is die persoon wat ons eerste onderwyswetgewing op die wetboek laat plaas het by wyse van die ordonnansie van 21 Augustus 1714.<sup>3)</sup> Die ordonnansie het

---

1) Du Toit, P.S. Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795.

2) Ibid., p. 16.

3) du Toit, P.S., a.w., p. 86.

onder andere bepaal dat onderwysers voor die goewer=neur en die politieke raad eksamen moes aflê alvorens hulle hul aan die onderwys mog wy.<sup>1)</sup> In die praktyk is die eksamen voor die kerkraad afgelê en dan is die onderwysers formeel deur die politieke raad toegelaat.<sup>2)</sup> Aan hierdie bepaling van die ordonnansie is nie altyd streng uitvoering gegee nie, want dit het nog dikwels daarna gebeur dat ongewenste persone as onderwysers diens gedoen het.<sup>3)</sup>

Die reglement van 1778 is die volgende stap ten opsigte van onderwysers se kwalifikasies, hulle pligte en verantwoordelikhede. Hierdie reglement is deur die skolarge (skoolopsieners) van die stad Batavia opgestel, deur die Here XVII bekragtig en toe na die Kaap vir oornome en toepassing gestuur.<sup>4)</sup> In 1782 is dit met weinig veranderinge deur die Kaapse skolarge uitgevaardig. Hierdie reglemente kon blykbaar nie veel verbetering in die gehalte van die onderwysers teweegbring nie, want in 1791 ontwerp ds. Fleck namens die skolarge 'n plan ter verbetering van die skole en die onderwys in die algemeen.<sup>5)</sup> Die treurige toestand waarin die onderwys destyds verkeer het, skryf die skolarge toe aan die swak ge=

- 
- 1) Kellerman, J.E. Die geskiedenis van die opleiding van blanke onderwysers in Suid-Afrika (1652-1936) p. 19.
  - 2) a) Kellerman, a.w., p. 19; b) Du Toit, P.S., a.w., p. 90.
  - 3) Kellerman, a.w., p. 21.
  - 4) Ibid., p. 25.
  - 5) a) Du Toit, a.w., 206; b) Kellerman, a.w., p. 29.

halte van die onderwysers, wat volgens hulle nooit enige opleiding en voorbereiding vir hulle werk gehad het nie. Hulle skets onder andere die eise wat hulle aan 'n goeie onderwyser stel: Hy moet eerstens 'n man wees wat self 'n goeie opvoeding gehad het, tweedens moet hy van sy jeug af as skoolmeester opgelei gewees het en derdens moet hy grondig onderlê wees in alles waarin hy aan ander onderwys sal gee.<sup>1)</sup> Hoewel die skolarge besef het dat sulke meesters nie plaaslik gewerf kon word nie, was hulle van mening dat dit wel moontlik sou wees om bekwame onderwysers in Holland te werf.

Die skolarge maak ook in die plan 'n aanbeveling wat vir hierdie studie van besondere belang is. Die onderwysers wat aan die bogenoemde vereistes voldoen, sou nl. gebruik kon word om behulpsaam te wees in die opleiding van persone wat later weer as skoolmeesters sou kon optree. Hier kom dus vir die eerste keer 'n soort in-diens-opleiding of kwekelingstelsel ter sprake. Die stelsel sou soos volg werk: Sodra een van die voorgestelde, bekwame onderwysers meer as dertig leerlinge het, sal hy verplig wees om 'n ondermeester te bekom wat in sy plek kan optree ingeval hy te sterwe kom. Van so 'n ondermeester sou ook 'n soort toelatingseksamen geverg word. Op die manier sou dit dan moontlik wees om voortaan niemand meer tot skoolmeester te benoem wat nie eers as ondermeester proefonderwys gegee het nie.<sup>2)</sup>

---

1) Du Toit, P.S., a.w., p. 207.

2) Ibid., p. 210.

Kort hierna, t.w. in 1795, het die Kaap egter in die hande van Engeland oorgegaan en het van al hierdie planne niks tereggekome nie.

b. Die tydperk van tydelike Engelse bestuur, 1795-1803

In die sowat agt jaar van die eerste Britse besetting van die Kaap het die onderwys en onderwysersopleiding geen vordering getoon nie. Hiervoor gee Kellermann twee redes. Eerstens was Engeland se besit van die Kaap so onseker dat hulle geen drastiese veranderinge wou aanbring nie en tweedens kon die Engelse onderwys van daardie tyd self niks nuuts oplewer nie.<sup>1)</sup>

c. Die Bataafse tydperk, 1803-1806

Met die teruggawe in 1803 van die Kaap aan die bewindhebbers van die Bataafse Republiek, breek 'n kort tydperk van groot aktiwiteit op onderwysgebied aan. As gevolg van die kortstondigheid van die bewind kon daar egter niks blywends tot stand kom nie.

Die republiek se verteenwoordiger, kommissaris J.A. de Mist het alreeds voor sy vertrek na die Kaap

---

1) Kellermann (a.w. p. 34) verwys na R.W. Rich, (The training of teachers in England and Wales during the nineteenth century, p. 1) wat oor die tydperk sê: „At the commencement of the nineteenth century England was notoriously behind her Continental neighbours in the matter of popular education“.

'n deeglike studie van alle probleme aan die Kaap ge= maak en ook baie aandag bestee aan moontlike verbe= terings op die gebied van die onderwys. In die Kaap aangekom, het hy hom deur middel van offisiële stuk= ke, mondelinge mededeling en reise op hoogte van sake gestel. Op 11 September 1804 passeer hy die sogenaamde skoolorder as 'n ordonnansie waaruit duidelik blyk dat De Mist besef het dat die swakheid van die onderwys grootliks gelê het in die gebrek aan behoorlik opgeleide onderwysers. Daarom het hy in sy ordonnansie die opleiding van onderwysers beklemtoon. Hy wou die kolonie op hierdie gebied selfversorgend maak. Die bestuur van die skoolwese word volgens die ordonnansie opgedra aan 'n kommissie van skolarge. Die kommissie moes dringend 'n bekwame persoon uit Holland laat kom om hier 'n kweekskool op te rig. Die voorgestelde opleidings= kursus sou nie korter as vyf jaar duur nie. Na verloop van vyf jaar vanaf die opening van die kweekskool sou slegs diegene wat aan die instituut die vereiste eksamen afgelê het of deur die skolarge ondersoek en daartoe in staat bevind is, toegelaat word om onderwys te gee binne die volksplanting.<sup>1)</sup>

Van die 32 artikels waaruit die eerste deel van De Mist se ordonnansie bestaan, word daar nie minder nie as dertien aan die kweekskool gewy. Hier kan nie op al die besonderhede ingegaan word nie. Opvallend vir die doel van hierdie studie is egter

---

1) Du Toit, P.S. Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803-1806, p. 29-31.

die feit dat in die uiteensetting van die besonderhede in verband met die voorgestelde kweekskoolopleiding geen melding van enige professionele opleiding van die kwekelinge gemaak word nie.<sup>1)</sup> Artikel 5 van die ordonnansie bepaal die inhoud van die leerang, t.w. om suiwer "Nederduits" te leer spel, praat, lees en skryf, en die gewone Rekenkunde asook die eerste beginsels van Aardrykskunde, Wiskunde en Landmeetkunde so ver te bestudeer dat hulle weer andere daarin kan onderwys.<sup>2)</sup> Die leergang kon dus wel aanspraak daarop maak dat dit in 'n mate hoër akademiese opleiding sou verskaf, maar van professionele opleiding, soos bv. minstens opleiding in die metodes van onderrig en die gee van oefenonderwys was daar nie sprake nie.

Die skoolkommissie wat in ooreenstemming met die skoolorder ingestel is, se taak was om o.a. ook die kweekskool van stapel te stuur. Hoofsaaklik omdat die nodige geld ontbreek het, was die kommissie nie in staat om aan De Mist se ambisieuse skema uitvoering te gee nie.<sup>3)</sup> Om darem iets te probeer doen ten opsigte van onderwysersopleiding, wou die kommissie toe 'n paar jongmense uitsoek om teen 'n redelike vergoeding uit die skoolkas, by bekwame en geoutoriseerde skoolmeesters as ondermeesters te gaan dien. Van hierdie plan het egter ook niks gekom nie.<sup>4)</sup>

---

1) Kellermann, a.w., p. 51.

2) Ibid., p. 38.

3) Du Toit, P.S. Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek, p. 88.

4) Ibid., p. 89.

Die Kaap het in 1806 andermaal in Engelse hande oorgegaan, sonder dat die saak van onderwysersopleiding vordering getoon het.

2. Onderwysersopleiding in die Negentiende Eeu (1806-1892) met verwysing na die praktiese opleiding

Met die oornam van die Kaap deur Engeland in 1806, breek daar 'n tydperk van onverskilligheid ten opsigte van die plaaslike opleiding van onderwysers aan die kant van die owerheid aan.<sup>1)</sup> Die onderwysbeheer was nog, ooreenkomstig die De Mist-skoolordonnansie, in die hande van die onderwyskommissie bestaande uit sewe skolarge met die goewerneur as opperskolarg.<sup>2)</sup> Aanvanklik het hierdie kommissie van skolarge (wat in 1813 tot die Bybel-en Skoolkommissie verdoop is), probeer om deur middel van die kwekelingstelsel onderwysers op te lei.<sup>3)</sup> In 'n rapport van 1812 maak die kommissie bv. melding van twee kwekelinge wat deur hulle opgelei word.

Lord Charles Somerset, wat van 1814 tot 1826 goewerneur aan die Kaap was, was egter vasbeslote om die Hollandsprekende deel van die bevolking te verengels en vir die doel wou hy onderwysers uit Engeland invoer.

---

1) Kellermann, a.w., p. 55-6.

2) Van Wyk, A.H. du P. Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese, 1806-1915, p. 39.

3) Kellermann, a.w., p. 57.

Dit is dus verstaanbaar dat hy geen poging sou aanwend om onderwysers plaaslik te laat oplei nie.<sup>1)</sup>

Met die aanstelling in 1839 van die eerste S.G.O. in die persoon van dr. James Rose-Innes, breek 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van die onderwys=ontwikkeling van die Kaap aan. Een van die nuwe S.G.O. se eerste stappe was om 'n normaalskool in die lewe te roep. Alhoewel hierdie inrigting wat 'n primêre skool en 'n normaalafdeling gehuisves het, sewentien jaar lank bestaan het, het dit nooit 'n enkele onderwyser opgelewer nie. Die wat wel as kwekeling-onderwysers opgelei is, het nie onderwys gaan gee nie.<sup>2)</sup>

Onder die Engelse bewind het die N.G.-Kerk nie onverskillig gestaan teenoor die treurige toestand waarin die onderwys onder andere as gevolg van die gebrek aan goeie onderwysers verkeer het nie. Op die sinode van 1847 is besluit om 'n „Commissie van Opvoeding en Onderwijs" in die lewe te roep wat onder andere 'n opleidingsinstituut vir onderwysers moes stig. Hierdie inrigting is toe in 1849 gestig en het ook 'n modelskool ingesluit.<sup>3)</sup> Dit moes egter in 1851 weer sluit as gevolg van gebrek aan geld en gebrekkige ondersteuning. So was daar in 1849 slegs een aansoek om toelating as kwekeling

---

1) Du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland. (In Coetzee, J. Chr. (Red.) Onderwys in Suid-Afrika, p. 54-55). Kyk ook Kellermann, a.w., p. 61.

2) Kellerman, a.w., p. 61.

3) Kellermann, a.w., p. 78.



en in 1850 het daar, nadat die inrigting met behulp van die pers onder die publiek se aandag gebring is, slegs ses kwekelinge hulle opleiding begin.<sup>1)</sup>

In 1859 volg Langham Dale vir Rose-Inn<sup>2)</sup> as S.G.O. op. Reeds in die eerste jaar van sy amps=termyn het hy daartoe oorgegaan om onderwysersoplei=ding te bevorder en wel deur die kwekelingstelsel.<sup>2)</sup> Negentien kwekelinge is nog in daardie jaar toege=laat.

In die regeringskennisgewing (Goewermentsminute) van 28 Desember 1859 word die stelsel soos volg uite=ge=sesit:<sup>3)</sup> Aan onderwysers in goedgekeurde skole is 'n bonus toegeken vir elke kwekeling wat in een van die jaarlikse kwekelingeksamens slaag, t.w. £5 vir een, £9 vir twee en £12 vir drie of meer kweke=linge. Die kandidate moes minstens 13 jaar oud wees en in 'n toelatingseksamen geslaag het om tot die vyfjarige kwekelingskap toegelaat te word. In die eerste jaar ontvang die kwekeling dan £15 en daarna elke jaar £5 meer, mits hy aan die einde van

---

1) Du Toit, P.S. in Coetzee, J. Chr. (red.), a.w., p. 62.

2) Die kwekelingstelsel is in 1837 deur Shuttleworth in Holland en Switserland waargeneem en in 1838 is op klein skaal daarmee in Engeland begin. Van die werking van die stelsel in Holland sê Rich: „In Holland he (Shuttleworth) found a pupil teacher system fully developed and working, the pupil teachers spending their days in gaining experience of teaching in the schools, and their evenings in improving their own knowledge in central classes". Kellermann, a.w., p. 134.

3) Kellermann, a.w., p. 136-40.

elke jaar in sy eksamen slaag. Tydens skoolure moes hy die onderwyser assisteer en het hy elke dag minstens een uur onderwys in sy eie eksamenvakke ontvang. Na afloop van sy kwekelingeksamen kon dit van hom verwag word om na 'n opleidingsinrigting te gaan waar hy 'n proef tydperk van een jaar moes deur=maak. As die kwekeling dan in sy finale eksamen slaag, was hy gekwalifiseer vir 'n aanstelling in 'n staatsondersteunde skool. Die grootste deel van die kursus ~~was~~<sup>is</sup> gewy aan gewone onderrig in die leerstof wat van die kwekeling verwag ~~was~~<sup>is</sup> om later self aan die kinders te onderrig, terwyl die professionele voorbereiding bestaan het uit die slaafse navolging van die onderwyser se metodes. Die stelsel was dus sowel wat akademiese en professionele voorbereiding betref maar baie onwetenskaplik. Nogtans het dit bygedra om die ernstige tekort aan opgeleide leer=kragte te verminder.

Die stelsel sou egter nie lank ongehinderd voortgaan nie. In 1864 het dit doodgeloop nadat die regering reeds in 1860 geweier het om die nodige geld daarvoor te stem. Net die eerste kwekelinge is toegelaat om hulle kursus te voltooi.

Nadat die Watermeyer-onderwyskommissie van 1863 die kwekelingstelsel weer aanbeveel het,<sup>1)</sup> het dit in 1866 herleef, maar sou beperk wees tot sending=skole. In 1874 is hierdie beperking opgehef en is nuwe regulasies

---

1) Kellermann, a.w., p.143.

vir die opleiding van kwekelingonderwysers opgestel.<sup>1)</sup> Ten opsigte van die praktiese voorbereiding wat die kwekelinge ondergaan het, het die stelsel egter nie verskil van dié van 1859 nie. Dale was tot aan die einde van sy dienstyd in 1892 so 'n kragtige voorstander van die kwekelingstelsel dat hy hom selfs teen normaalskoolopleiding uitgespreek het.<sup>2)</sup>

Intussen het die N.G.-kerk sy pogings voortgesit om weer 'n normaalskool in die lewe te roep. Hierdie pogings het in 1878 uitgeloop op die stigting van die Normaalkollege in die Kaap. Hierdie kerkinrigting het 'n baie belangrike rol gespeel in die opleiding van Nederlands- (Afrikaans-) sprekende onderwysers in die tyd toe so 'n opleiding nog nie in Suid-Afrika moontlik was nie, en al die opgeleide onderwysers van oorsee moes kom. Alhoewel die opleiding deur Engelsmedium geskied het en Nederlands nie eers soveel aandag as bv. Latyn ontvang het nie,<sup>3)</sup> was dit 'n groot voorwaartse stap ten opsigte van onderwysersopleiding in ons land.

Van besondere belang vir hierdie studie is die modelskool wat as deel van die normaalkollege in die lewe geroep is.<sup>4)</sup> Die doel van die modelskool was om aan die studente die geleentheid te bied om „deur praktiese ondervinding iets van die onderwysvak te

---

1) Kellermann, a.w., p. 146.

2) a) Du Toit, P.S. (In Coetzee, J. Chr., a.w., p. 75.)  
b) Kellermann, a.w., p. 151.

3) Kellermann, a.w., p. 123.

4) Ibid., p. 110-14.

te leer, net soos die mediese studente vir hulle beroep bekwaam gemaak word deur praktiese werk in die hospitale."<sup>1)</sup> Die skool was 'n groot sukses en drie jaar later word gerapporteer dat die leerlingtal na ongeveer 170 gestyg het.

Wat die werksmetode by die modelskool betref, word vermeld dat elke student beurtelings 'n week in die modelskool onderwys in die gewone skoolvakke ontvang het. Verder was daar gereelde weeklikse „kritieklesse“, wat deur al die kwekelinge op die ry af waargeneem is.<sup>2)</sup> Die modelskool het mettertyd in 'n aparte seun- en dogterskool ontwikkel en het in 1907 as onafhanklike skole van die kollege afgeskei.

Die normaalkollege het vir 38 jaar as die enigste selfstandige onderwysersopleidingsinrigting van die N.G.-kerk bly voortbestaan, totdat dit in 1916 by die Zuid-Afrikaansche Kollege (tans die Universiteit van Kaapstad) ingelyf is. Met die oorname van die kollege is die modelskole deur die kerk aan die skoolraad van Kaapstad verkoop.<sup>3)</sup>

- 
- 1) Kellermann, a.w., p. 110.
  - 2) Kellermann, a.w., p. 111.
  - 3) Ibid., p. 114.

3. Ontwikkeling ten opsigte van die praktiese op=  
leiding sedert 1892

a. Onderwysersopleiding onder Thomas Muir as  
S.G.O. (1892-1915)

(1) Kwekelingonderwysers

Sir Thomas Muir het in 1892 na 'n onderskeidende onderwysloopbaan in Skotland vir Langham Dale as S.G.O. opgevolg. Reeds uit sy eerste jaarverslag is dit duidelik dat hy onder andere nie met die gehalte van onderwysers en met die bestaande stelsel van kwekelingopleiding tevrede was nie. So verklaar hy onder andere: „..in quite a number of instances which have come before me the so-called teacher had not the elements of a common tradesman's education”.<sup>1)</sup> En verder: „..pupil teachers in fact in one class of schools are subsidised pupils, in another, they are cheap form of teaching-drudge in very few indeed are they pupil teachers properly so called”.<sup>2)</sup>

In 1893 publiseer hy nuwe regulasies in verband met die opleiding van kwekelinge. Kandidate vir die kwekelingkursus moes nou minstens veertien jaar oud wees en standaard vier afgelê het. Die kursus sou drie jaar duur en het 'n deeglike vak- en professionele opleiding beoog. Aan oefenonderwys moes minstens tien uur per week bestee word. Toelaes aan

---

1) Cape of Good Hope. Report of the Superintendent-General of Education, 1892, p. 16.

2) Ibid., p. 17.

kwekelinge is vasgestel op £12 vir die eerste jaar, £16 vir die tweede jaar en £20 vir die derde jaar. Die hoof van die skool waaraan die kwekelinge verbonde sou wees, moes minstens vier uur per week professionele opleiding aan die kwekelinge verskaf. Aan die einde van elke jaar moes die kwekelinge 'n mondelinge en skriftelike eksamen aflê en 'n les voor 'n inspekteur gee. Nieteenstaande die feit dat daar nou volgens die nuwe stelsel hoër toelatingsvereistes was, die leerplan uitgebrei is en daar dus oor die algemeen 'n hoër standaard van die kwekelinge verwag is, het die aantal kwekelinge baie vinnig toegeneem. In 1909 was daar bv. in totaal 3310 kwekelinge teenoor slegs 789 in 1894.<sup>1)</sup>

Die toelatingsvereistes is geleidelik opgeskuif tot standerd vyf in 1899, standerd ses in 1901 en standerd sewe in 1910. Aangesien opleidingskole in die tussentyd op verskillende plekke gestig is, is vanaf 1913 vereis dat die derde jaar van die kwekelingkursus aan 'n opleidingskool deurgebring moes word. Muir was van mening dat sodra die tyd ryp sou wees, die hele opleiding in opleidingskole moes geskied. Alhoewel hy goed besef het dat die kwekelingstelsel uit die aard van die saak nie opleiding van 'n hoër professionele en akademiese standaard kon bied nie,<sup>2)</sup> het hy ook besef dat die stelsel in

---

1) a) Kellermann, a.w., p. 164.

b) Cape of Good Hope. Report of the S.G.E., 1894, p. xxxiii.

2) As rede noem hy bv. dat „many of the principal teachers ...were so unskilled themselves, as to be quite unable to train pupil teachers". (Report of the S.G.E., 1895, p. 25.)

die beginjare die enigste moontlikheid gebied het om in die vraag na opgeleide onderwysers te probeer voorsien.

Die kwekelingstelsel het in die Kaapprovinsie bly voortbestaan tot in 1919 toe dit vir goed afgeskaf en vervang is met voltydse opleiding aan opleidingsinrigtings.<sup>1)</sup>

Oorsigtelik gesien, was die kwekelingstelsel dus vir 'n lang tydperk, vanaf 1859 met die aanstelling van Langham Dale as S.G.O. tot einde 1919, dikwels die enigste en in elk geval die vrugbaarste metode om plaaslik onderwysers op te lei. Die gebruik van in-diens-opleiding deur middel van die kwekelingstelsel was egter ook vol gebreke. H. Gutsche<sup>2)</sup> noem onder andere die volgende gebreke en beperkings waaraan die kwekelingstelsels vanaf die vroegste tye mank gegaan het: Die poging om betaalde indiensneming met opleiding te kombineer, hoe noodsaaklik ookal vanuit 'n ekonomiese oogpunt, was opvoedkundig gesien noodlottig; die gemiddelde skoolhoof was nie in al die vakke ver genoeg bo sy leerlinge gevorder „to be capable of putting the best that can be put into them and bringing out the best that can be brought out of them“; die kwekelinge het wel oor 'n meganiese kennis van die verskillende

- 
- 1) Cape of Good Hope. Report of the S.-G.E., 1919, p. 7.
  - 2) Gutsche, H. Rational training in the Cape Province in lieu of the Pupil-Teacher system. The educational news of South Africa. Sept. 1920, p. 131-132.

vakke beskik maar geen vermoë gehad om dit intelli= gent aan te wend nie; dit was vir die hoof onmoont= lik om aan die kwekelinge in verskillende jare van hulle opleiding en in die beperkte tyd tot sy beskik= king, goeie opleiding te verskaf. Sy grootste be= swaar is dat die stelsel slegs feitekennis by die kwekeling beklemtoon het en geen grondige professio= nele opleiding verskaf het nie. „The greatest mis= take of the Pupil Teacher System is that it takes for granted that a bare knowledge of a fact in its naked form qualifies a person to teach it to others”.<sup>1)</sup> Volgens Steenkamp som R.G. Quick die probleem in die "Spectator" van 1.3.1890 soos volg op:

„The hardest tyrants are usually those who are raised but a little way above those whom they have to con= trol; and when I think of the pupil teacher with his forty pupils to keep in order I heartily pity both him and them”.<sup>2)</sup> Malherbe noem die volgende as punte van kritiek wat van tyd tot tyd teen die stel= sel uitgespreek is: Die buitengewoon lae standaard wat in sowel ouderdom as bekwaamheid vereis is; die drie jaarlikse eksamens het die werk meer gehinder as bevorder; die opleiding was van te algemene aard en nie geskik vir plattelandse skole nie; die stu= dente het 'n gebrek aan „general culture” geopenbaar.<sup>3)</sup>

---

1) Gutsche, a.w., p. 132.

2) Steenkamp, L.S. Onderwys vir blankes in Natal, p. 138.

3) Malherbe, E.G. Education in South Africa, 1652-1922, p. 152.



## (2) Opleidingskolleges

Terwyl die N.G. kerk se normaalskool in hierdie tyd sy opleidingswerk voortgesit het, het Muir oorgegaan tot die stigting van opleidingskole in die omgewings waar daar 'n redelike konsentrasie kwekelinge was. Die opleidingskool in Kaapstad het ontwikkel uit die stelsel waarvolgens kwekelinge uit Kaapstad en omgewing vanaf 1894 elke dag op twee sentrale plekke bymekaar gekom het vir onderrig deur vakdeskundiges. Dit het bekend gestaan as die „Central Class System” en is in die lewe geroep in navolging van 'n soortgelyke gebruik in Engeland.<sup>1)</sup> 'n Tweede opleidingskool is in 1896 te Wellington gestig. Die professionele oogmerke van hierdie skool word deur Muir onder andere soos volg aangedui: „that the pupils attending the classes be not pupil teachers in the ordinary sense, but give the whole day to the work of their class; that a practising school adjoin the training school, in order that each class of the latter may have every opportunity for profiting by criticism lessons”.<sup>2)</sup> Hiervolgens word die kwekelinge dus in die eerste plek studente wat akademiese en professionele opleiding ontvang. Die voorgestelde oefenskool is toe ook in dieselfde jaar gestig. Na die stigting van die opleidingskool te Wellington is daar ook elders in die kolonie inrigtings volgens dieselfde beginsel gestig, d.w.s.

---

1) Kellermann, a.w., p. 167.

2) Cape of Good Hope. Report of the S.-G.E., 1895, p. 25-6.

die opleidingskole het op 'n natuurlike wyse uit kwekelingsentra ontwikkel. Wanneer 'n kwekelingsentrum daarvoor ryp was, het dit die status van 'n opleidingskool gekry. Op die wyse is opleidingskole gestig te Grahamstad (1897), Robertson (1910), Paarl, (1913), Cradock (1914), Kingwilliamstown (1914), Steynsburg (1914), Oudtshoorn (1915), Graaff-Reinet (1917), Stellenbosch (1918) en Uitenhage (1919).<sup>1)</sup>

Dit is nie duidelik of daar oefenskole aan al hierdie inrigtings verbonde was nie, maar te oordeel aan die feit dat oefenskole later aan die meeste Kaaplandse opleidingsinrigtings verbonde was en vandag nog is,<sup>2)</sup> skyn dit of dit tydens die inrigtings stigtingsjare ook die geval kon gewees het.

#### b. Ontwikkeling van 1915-1936

Ten opsigte van die praktiese voorbereiding van onderwysstudente het daar sedert 1919 wesenlik min verandering ingetree. In die jaar is die kwekelingstelsel afgeskaf<sup>3)</sup> en het die opleidingsinrigtings ook die verantwoordelikheid vir praktiese opleiding oorgeneem.

Die praktyk van oefenskole verbonde aan opleidingsinrigtings het 'n kenmerk van die meeste kolleges geword. Uit die verslag van inspekteurs A.L. Charles en C.J. Hofmeyer vir 1932-1933 oor die

---

1) Kellermann, a.w., p. 172.

2) Kyk volgende paragraaf, ook bladsy 116.

3) Kyk bladsy 107.

opleidingskolleges, blyk dit dat daar in 1933 net vier kolleges was met oefenskole wat die volle getal primêre klasse aangebied het, t.w. Paarl, Wellington, Graaff-Reinet en Grahamstad.<sup>1)</sup> Twee kolleges, Stellenbosch en Oudtshoorn, het in daardie stadium nie oefenskole gehad nie en was vir hulle oefenfasieliteit afhanklik van die goeie gesindheid van die dorpskole. Kingwilliamstown het oor 'n eenmanskool in die kollegegebou beskik. Kaapstad en Steynsburg het nie oefenskole gehad nie maar elkeen het met 'n groot primêre skool saamgewerk. Dit was egter die genoemde inspekteurs se standpunt dat die posisie ten opsigte van die praktiese opleiding nooit heeltemal bevredigend kon wees tensy die hoof van 'n opleidingskollege ook 'n primêre skool onder sy volle beheer het nie.

Elke kollege het sy oefenskool slegs vir demonstrasies en proeflesse gebruik. Vir die langer tydperke van oefenonderwys <sup>is</sup> ~~was~~ van naburige skole gebruik gemaak. Volgens die destydse regulasies moes elke student-onderwyser gedurende sy opleidingskursus 'n minimum van 150 uur verantwoordelike onderwysoefening kry, afgesien van die demonstrasie- en proeflesse by die oefenskole. In hulle tweede studiejaar ~~was~~ <sup>is</sup> studente toegelaat om hulle eie reëlings te tref vir 50 uur onderwysoefening. Die meeste studente het hierdie oefenonderwys gedurende die eerste en derde kwartaal in skole naby hulle woonplekke gegee.<sup>2)</sup>

---

1) Kellermann, a.w., p. 215.

2) Ibid., p. 217.

Die Paarlse Opleidingskollege en die Oefenskool W.A. Joubert dien as 'n goeie voorbeeld van die oefenskoolstelsel.<sup>1)</sup>

Die Paarlse Opleidingskollege is in 1913 geopen en die oefenskool in 1919, met mnr. W.A. Joubert aanvanklik as hoof van die kollege sowel as van die oefenskool.<sup>2)</sup> Die skool was 'n volle laerskool met alle klasse tot standerd V. In 1924 het die oefenskool sy eie hoof gekry. Die hoofskap van die skool is deur die departement omskryf as „assistent van 't Opleidingskollege met werkzaamheden in de Oefen School".<sup>3)</sup>

Wat die bydrae van die oefenskool tot die praktiese vorming van die studente betref, was die posisie vanaf die dertigerjare so dat benewens die vasgestelde tydperke van oefenonderwys by skole in en om die Paarl, die kollege ook op vele wyses van groepe leerlinge en klasse van die oefenskool gebruik gemaak het, hoofsaaklik vir demonstrasielesse deur die verskillende vakdosente.<sup>4)</sup>

Die universiteite van Kaapstad en Stellenbosch het ook bygedra tot die opleiding van onderwysers. Die Universiteit van Kaapstad het in 1910 en die Universiteit van Stellenbosch in 1911 hulle eerste professore in Opvoedkunde aangestel.<sup>5)</sup> Teen die

---

1) De Vries, C.G. Die Opleidingskollege, Paarl 1913-1963.

2) Ibid., p. 88.

3) Ibid., p. 89.

4) Ibid., p. 99.

5) Kellermann, a.w., p. 204.

dertigerjare het albei universiteite voorsiening vir die opleiding van primêre en sekondêre onderwysers gemaak, en het die praktiese opleiding baie aandag geniet. By die Universiteit van Stellenbosch is oefenonderwys soos volg gereël: In die eenjarige nagraadse S.O.D.-kursus moes studente dwarsdeur die jaar twee periodes per week oefenonderwys by omliggende skole gee, asook minstens twee skoolweke deurlopende onderwys. Vir die driejarige H.P.O.D.-kursus is minstens vier weke deurlopende onderwys gedurende die kursus vereis, asook 150 uur oefenonderwys, waartydens kritieklesse voor dosente gegee is. Kandidate vir die H.P.O.D. wat die eindeksamen geslaag het, het 'n provisionele diploma ontvang. Die finale diploma is eers na verloop van een jaar suksesvolle onderwys en nadat studente in 'n eksamen geslaag het, op aanbeveling van 'n inspekteur van Onderwys, toegeken.<sup>1)</sup> By die Universiteit van Kaapstad word vir die eenjarige nagraadse Sekondêre Sertifikaat 'n volle kwartaal deurlopende onderwys gedurende die vierde kwartaal vereis, asook twee halfdae per week dwarsdeur die jaar. Studente wat die driejarige Hoër Primêre kursus volg, gee gedurende die tweede jaar vier periodes per week oefenonderwys en gedurende die derde jaar vier periodes per week oefenonderwys plus 'n volle kwartaal deurlopende onderwys.<sup>2)</sup>

---

1) Universiteit van Stellenbosch. Jaarboek, 1935, p. 205-8.

2) University of Cape Town. Calendar, 1935, p. 21-2.

### c. Die huidige posisie

Die huidige posisie ten opsigte van die belangrikste organisatoriese aspekte by die praktiese opleiding van onderwysers is vasgestel deur 'n ondersoek waarvan die verslag in 1961 verskyn het.<sup>1)</sup> Sedert die verskyning van die verslag is daar nog geen wesentlike veranderings aangebring ten opsigte van die aspekte wat met praktiese opleiding te make het nie.

Universiteite wat tans onderwysers oplei, is dié van Kaapstad, Stellenbosch, Rhodes en Port Elizabeth,<sup>2)</sup> en die opleidingskolleges in Graaff-Reinet, Grahamstad, Kaapstad, Oudtshoorn, Paarl, Stellenbosch (Denne-oord) en Wellington. Die Tegniëse Kolleges van Kaapstad en Port Elizabeth bied ook sekere gespesialiseerde onderwyskursusse aan.

#### (1) Laerskoolkursusse

Behalwe die Universiteit van Port Elizabeth<sup>3)</sup> en die Tegniëse Kolleges van Kaapstad en Port Elizabeth, bied al die ander genoemde inrigtings opleidingskursusse vir laerskoolonderwysers aan. Praktiese opleiding deur middel van oefenonderwys

- 
- 1) Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike navorsing: 'n Vergelykende ondersoek na die opleiding van blanke onderwysers(esse) in Suid-Afrika. Navorsingsreeks nr. 7, 1961.
  - 2) Die Universiteit van Port Elizabeth is in 1964 gestig.
  - 3) Jaarboek van die Universiteit van Port Elizabeth, 1968, p. 111.

word by al die inrigtings vereis. Die tyd wat hieraan gewy word en die metodes waarvolgens dit geskied, verskil egter van inrigting tot inrigting.

Oefenonderwys word op een of meer van die volgende wyses by die verskillende opleidingsinrigtings georganiseer:<sup>1)</sup> Studente besoek skole vir vasgestelde tye en doen ervaring op deur aktiewe deelname of waarneming onder toesig van die skoolhoof of die klasonderwyser; studente besoek skole vir vasgestelde tye en word van tyd tot tyd deur dosente, voor wie proeflesse gelewer word, besoek. Die aantal dae wat by die verskillende inrigtings en die verskillende kursusse aan oefenonderwys bestee word, kan moeilik vergelyk word aangesien die metodes waarvolgens dit gedoen word, onderling verskil. So bv. word by die Universiteit van Kaapstad vir die driejarige Hoër Primêre-kursus nog steeds vier periodes per week oefenonderwys gedurende die tweede en derde jare vereis, asook die volle eerste kwartaal van die derde jaar.<sup>2)</sup> By die Universiteit van Stellenbosch word ook nog steeds, uitgesonderd die vasgestelde oefenonderwystydperke, op sekere dae van die week proeflesse deur studente by skole gegee.<sup>3)</sup> 'n Praktikum in aanskouingsonderwys van drie lesure per week in die tweede kursusjaar en twee lesure per week vir een semester in die derde kursusjaar word deur die universiteit as deel van die student se praktiese

---

1) Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplik Navorsing, a.w., p. 19 en p. 28-31.

2) Kyk p. 113.

3) Kyk p. 113.

onderwys beskou.<sup>1)</sup>

Die opleidingskolleges volg 'n redelik eenvoudige stelsel van oefenonderwys wat in vasgestelde tydperke oor die verskillende kursusjare versprei word. Sommige kolleges maak 'n onderskeid tussen tydperke van observasie en tydperke van aktiewe oefenonderwys. Die tradisionele stelsel van 'n oefenskool verbonde aan die kollege, is nog steeds by sommige kolleges in swang. Die mate waarin daar van die oefenskool gebruik gemaak word, verskil egter by die verskillende inrigtings. By die Paarlse Opleidingskollege ontvang studente bv. vanaf 1959 tussen 25 en 30 demonstrasielesse per jaar van die verskillende vakdosente. Hiervoor kan klasse van die oefenskool gebruik word. Die kollege beskik oor 'n demonstrasiesaal spesiaal vir demonstrasielesse. Met die groei van die kollege oor die jare en die toename van die aantal skole in die dorp en omgewing, is die oefenskool gaandeweg verlig ten opsigte van gewone oefenonderwys, sodat daar tans hoofsaaklik vir demonstrasiedoeleindes van die oefenskool se leerlinge gebruik gemaak word.<sup>2)</sup>

Behalwe vir die vasgestelde oefenonderwystydperke vereis die opleidingskollege van Grahamstad verder 'n halfdag oefenonderwys per week by die oefenskool, die Paarlse Opleidingskollege vereis een lesuur per klas per week gedurende die eerste twee kursusjare,<sup>3)</sup> terwyl die Opleidingskollege

---

1) Universiteit van Stellenbosch. J aarboek, 1968, p.381.

2) De Vries, a.w., p. 99-100.

3) Vir demonstrasiedoeleindes. Vgl. de Vries, a.w., p. 100.



Denne-oord een of twee periodes van 35 minute per week by die oefenskool voorskryf.<sup>1)</sup>

(2) Hoërskoolkursusse

Afgesien van kursusse wat deur die tegniese kolleges aangebied word, vind die opleiding van hoërskoolonderwysers slegs aan die vier Kaaplandse universiteite plaas, t.w. die universiteite van Kaapstad, Port Elizabeth, Rhodes en Stellenbosch.

Aan die Universiteit van Kaapstad word vir die drie- en vierjarige kursusse slegs in die finale jaar oefenonderwys verwag. Gedurende die tweede en derde kwartale gee die studente een dag per week en gedurende die vierde kwartaal dertig dae ononderbroke oefenonderwys. Die Universiteit Rhodes verlang van hulle U.O.D.-studente in die loop van die akademiese jare drie weke oefenonderwys, gevolg deur drie weke oefenonderwys voordat met die professionele kursus in die vierde jaar begin word. Gedurende die vierde jaar word ten minste twee weke ononderbroke oefenonderwys in die derde kwartaal vereis asook minstens 'n driekwart-dag per week gedurende die jaar.

By die Universiteit van Stellenbosch vind die eerste skoolbesoek van twee weke by die drie- en vierjarige kursusse in elke geval plaas voordat met die finale jaar begin word. Die tweede oefenon-

---

1) Nasionale Buro vir Opv. en Maatsk. Navorsing, a.w., p. 29-30.

derwystydperk van drie weke vind gedurende die derde kwartaal van die finale jaar plaas. Verder word een dag per week gedurende die eerste semester van die finalejaar aan oefenonderwys, observasie van ander lesse en bespreking van lesse gewy.<sup>1)</sup> 'n Praktikum in aanskouingsonderwys en skryfbordwerk van twee lesure per week word as deel van die student se praktiese onderwysoefening beskou.<sup>2)</sup>

Aan die Universiteit van Port Elizabeth moet studente vir die vierjarige S.O.D.-kursus gedurende die somervakansie vóór die begin van die vierde jaar en studente vir die driejarige L.S.O.D.-kursus aan die begin van die derde jaar, twee weke skoolbesoek (waarnemingsonderwys) reël.<sup>3)</sup> In die finale jaar word, in die geval van albei kursusse, die oefenonderwys so gereël dat studente vir 'n volle kwartaal op Maandae en Dinsdae na skole gaan vir oefenonderwys in een hoofvak, Donderdae en Vrydae vir die tweede hoofvak, terwyl hulle Woensdae vir lesings by die universiteit terug is.<sup>4)</sup>

### (3) Sekere gespesialiseerde onderwyskursusse

Afgesien van die verskeidenheid kursusse wat by die universiteite en opleidingskolleges aangebied word, verskaf die Tegnieiese Kollege van

- 
- 1) Nasionale Buro vir Opv. en Maatsk. Navorsing, a.w., p. 43, 44.
  - 2) Universiteit van Stellenbosch. Jaarboek 1968, p.369.
  - 3) Universiteit van Port Elizabeth. Jaarboek 1968, p. 118-120.
  - 4) Persoonlik meegedeel deur prof. W.A. Landman.

Kaapstad onderwyskursusse in handelsvakke en Huis-  
houdkunde, terwyl die Port Elizabethse Tegnieese Kol-  
lege 'n onderwysdiploma in Kuns aanbied.<sup>1)</sup>

Vir die kursusse van een en twee jaar is 100  
uur en vir die kursusse van drie en vier jaar is 150  
uur oefenonderwys die vasgestelde vereiste van die  
Departement van Hoër Onderwys, onder wie hierdie inrig-  
tings ressorteer. Dit word ook bepaal dat die oefen-  
onderwys versprei moet word oor die vakke waarin die  
student spesialiseer en dat dit voorsiening moet maak  
vir hulp aan die klasonderwyser, onderwys onder toe-  
sig van die onderwyser, onderwys sonder toesig van  
die onderwyser en kritieklesse.<sup>2)</sup>

---

1) Nasionale Buro vir Opv. en Maatsk. Navorsing,  
a.w., p. 74.

2) Ibid., p. 79.